

FAKULTEIT VAN TANDHEELKUNDEPERSVERKLARING VAN DIE REKTOR, U.S. (10.5.1962)

Dit doen die Universiteit van Stellenbosch genoë om aan te kondig dat die Kabinet goedkeuring daaraan verleen het dat die Universiteit tot die stigting van 'n Fakulteit van Tandheelkunde oorgaan. Die Universiteit wy tans aandag aan die probleme in verband met die praktiese uitvoering van die plan. Begryplikerwyse sal die Regering met die vordering op die hoogte gehou word.

Die onderhawige besluit van die Kabinet span die kroon op voorbereidingswerk waarmee die Universiteit reeds jarelank besig is, en gee aan die Universiteit die geleentheid om te help om in 'n behoefte te voorsien wat in ons land vandag baie akuit geword het. Die Universiteit verwelkom hierdie geleentheid en sal hom na die beste van sy vermoë beywer om op hierdie nuwe terrein, net soos op so baie ander terreine, die blywende belange van Suid-Afrika te dien.

Reeds in 1918, toe die Universiteit van Stellenbosch ontstaan het, was daar al sprake dat hy ook in die geneeskundige vakke, insluitende Tandheelkunde, opleiding sou gee. Om voor die hand liggende redes kon egter in hierdie vroeë stadium nog nie aan dié voorneme uitvoering gegee word nie. Die gedagte het egter nie verval nie; inteendoel, dit het by herhaling op die voorgrond getree.

In 1940, en ook in die jare 1946 tot 1949, het die Uitvoerende Komitee en die Senaat van die Universiteit dit weer eens oorweeg. Maar die Universiteit was toe besig met sy voorbereidende werk vir die stigting van Fakulteite van Ingenieurswese en Geneeskunde, wat soveel tyd en aandag en fondse geëis het dat Tandheelkunde, hoe dringend nodig dit ook al was, eers moes wag.

Nadat die Fakulteit van Geneeskunde in werking

gekom/.....

gekom het, het dit duidelik geword dat 'n Fakulteit van Tandheelkunde nou nie meer lank uitgestel kon word nie. In die eerste drie jaar van die kursusse in Geneeskunde en Tandheelkunde word immers grotendeels dieselfde studievakke gevolg. Ook het baie voornemende Tandheelkunde-studente en hulle ouers by die Universiteit kom aanklop en dringend gevra dat voorsiening vir die studie in Tandheelkunde gemaak word.

Daarby kom nog dat die land 'n steeds stygende behoefte aan tandartse ondervind het. Die bekende Roberts-verslag van 1947 (gedruk 1948) het met sprekende syfers aangetoon hoe groot die behoefte toe reeds was. En die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se verslag oor die Opleiding en Indiensneming van Wetenskaplikes, wat in 1960 verskyn het, het aan die lig gebring dat die behoefte toe weer heelwat groter was, en dat dit teen die jaar 1980 inderdaad nog eens skerp sal gestyg het.

Ten gevolge van asulke feite het die Universiteit hom reeds meer as 'n jaar gelede tot die Regering gewend, met die versoek dat aan die Universiteit verlof verleen word om 'n Fakulteit van Tandheelkunde in die lewe te roep. Besonderhede betreffende koste van personeel, geboue en toerusting, wat deur deskundiges uitgewerk is, is voorgelê aan die Senaat en die Raad van die Universiteit, wat hulle daarmee vereenselwig het en dit aan die Regering opgestuur het. Die genoemde besluit van die Kabinet het dan nou meegebring dat die Universiteit, soos reeds opgemerk is, tans aan die praktiese uitvoering aandag kan wy.

Ek noem graag nog 'n paar algemene punte. Die Universiteit is in die besonder gunstige posisie dat hy op die oomblik besig is met die planne van sy geneeskundige geboue by die nuwe opleidingshospitaal, en hy kan dus tandheelkundige opleiding hierby inskakel, wat veel doeltreffender

en goedkoper/.....

en goedkoper sal wees as om heeltemal aparte voorsiening daarvoor te maak.

Verder: Ons dink aan 'n inskrywing van ongeveer 40 studente per jaargang, wat nie te groot sal wees nie en sal verseker dat deeglike opleiding en oorspronklike navorsingswerk in die Fakulteit onderneem sal kan word.

Dit kan ook wees dat die Regering van die dienste van Tandheelkunde-dosente van die Universiteit gebruik sal wil maak met betrekking tot die eventuele opleiding van Kleurling-tandartse. Die standpunt van die Universiteit is dat hy in verband hiermee sy bydrae sal wil lewer, indien die Regering dit verlang en dit op bevredigende en doeltreffende wyse gereël kan word.

Ten slotte mag ek byvoeg dat die Universiteit baie goed weet dat hy groot en nuwe verantwoordelikhede, en ook groot koste, in verband hiermee op hom neem. Hy glo egter vas dat, waar hy hom ook hier in die diens van Suid-Afrika plaas, hy op sy duisende vriende en ondersteuners dwarsdeur die land kan reken en dat hulle hom die nodige morele en geldelike steun bereidwilliglik sal gee.

REKTOR.

Stellenbosch,

10 Mei 1962.